LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 13/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Jy is dalk vandag iemand se Bybel

"Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is." - 2 Korintiërs 3:18. Na Moses se ontmoeting met die lewende God het sy gesig gestraal as gevolg van die heerlikheid van God. Hy moes dus 'n sluier dra sodat hy nie die mense rondom hom verblind nie. Die helderheid het egter afgeneem en dit was later nie meer nodig vir Moses om die sluier te dra nie. Met die dood van Jesus is die voorhangsel van die tempel geskeur en is daar nie meer skeiding tussen ons en God nie. Met die uitstorting van die Heilige Gees kan ons nou gedurig God se beeld uitstraal. Dit is nie nodig dat die skyn verdof nie. Die Rabbi's het die Jode geleer dat elke keer as 'n mens in die straat afstap, gaan 'n leërskare engele vooruit en roep: "Maak pad, maak pad, vir die beeld van God!" Is hierdie waar in ons lewe? Onthou, ek en u is miskien die enigste Bybel wat mense vandag gaan lees. Wat gaan hulle lees as hulle ons doen en late aanskou?

## Goegieland

Hier by ons kleuterskool is dinge aan die gons soos ons voorberei vir 'n paar opwindende aktiwiteite! Hier is alles wat julle moet weet:

1. **Fotodag**
   Ons skoolfoto's gaan binnekort geneem word! Maak asseblief seker dat jou kind netjies aangetrek is en 'n helder glimlag saambring. Die spesifieke datums is as volg: 23 April 2025 vir Graad 00- en 000-maats en 24 April vir Graad 0- maats.
2. **Konsert & Kleedrepetisie**
   Ons jaarlikse konsert kom vinnig nader! Die kleuters begin reeds om hard te oefen en is baie opgewonde om hul talente te wys.
   - Kleedrepetisie vind plaas op 28 Mei 2025 te Kruik vanaf 08:00 tot 12:00.
   - Konsertaand: Onthou om familie en vriende uit te nooi – dit gaan 'n spesiale aand wees! Hierdie spoggeleentheid vind plaas op 6 Junie 2025 te Kruik vanaf 17:00 tot 19:00.
3. **Merk asseblief alle klere**
   Ons kry daagliks klere sonder name in die verlore goed mandjie. Help ons om items vinnig aan die regte kleuter terug te gee deur asseblief alles duidelik met jou kind se naam te merk.
4. **Blikkies vir Oupa en Oumadag**
   Ter viering van Oupa- en Oumadag vra ons dat elke kleuter asseblief 'n leë blikkie (skoon en oopgesny) saambring wat as houer vir 'n spesiale geskenkie sal dien. Dit is deel van die verrassing wat die kleuters self gaan maak! Indien u meer as een kan stuur, sal ons dit baie waardeer.
5. **Skenkings van vetplantjies**
   Ons is opsoek na klein vetplantjies vir 'n spesiale projek. As u enige plantjies het wat jy kan skenk, sal ons dit met groot dankbaarheid aanvaar. Die kinders gaan dit self versorg en uiteindelik as 'n geskenk aanbied.

Baie dankie vir julle voortdurende ondersteuning en samewerking! Julle betrokkenheid maak alles soveel meer spesiaal vir ons kleuters.

Groete uit Goegieland



## Week se Program

### 22 April 2025

- **Rugby B-spanne & 3des vs LS TP Stratten**
- **Netballiga vs LS JJ vd Merwe (Tuis)**

### 23 April 2025

- **Skaak vs Laerskool Onverwacht Vriendskaplik**

### 24 April 2025

- **Rugby vs Laer Volkskool te Heidelberg**
- **Goegieland: Individuele Fotodag**

### 23 tot 26 April 2025

- **Netbal Wildeklawer Toernooi o/13A te Kimberley**

## Skool sluit Vrydag, 25 Apri 2025 om 12:00 vir die langnaweek

## Johan Smith

Ons nooi graag alle ouers vir 'n aand van ouerskapverryking op Woensdag, 14 Mei 2025 om 18:30 by Kruik met skrywer, prediker en ouerskapkenner Johan Smith. Koste beloop R50/kaartjie. Volg gerus die skakel om te bespreek.




**Die Skakel!** → Johan Smith

## Redenaars

Ons het die besige week afgeskop met ATKV Redenaars te HTS Witbank op Maandag 14 April 2025. Dit was nog 'n hoogtepunt op die redenaars kalender en ons Goedehopers het weer hul uitstekend van hul taak gekwyt. Baie geluk aan die volgende leerders wat deelgeneem het.

**Graad 2**
Mianique van Zyl
Zuvan Joubert
Lohandré Venter

**Graad 3**
Simon Mostert

**Graad 5**
Kaitlyn Shackleford
Cayden Louwrens
Zani van der Merwe
Doandré Van Staden
Marno Marais
Melandie Faber
Sebastian le Roux
Marisa Mouton

**Graad 6**
Waldt van Niekerk
Daniël Lesch
Leané Luddick

**Graad 7**
Milan Zwarts
Lianke Luwes
Izanie Ferguson




## Dankbaarheid

Hierdie week is ons dankbaar vir onderwysers wat ons kan leer van Jesus. Dat ons die voorreg het om elke oggend te kan wakker word in 'n nuwe dag.




| 21 Apr | 22 Apr | 23 Apr | 24 Apr | 25 Apr | 26 Apr | 27 Apr |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aiden Kilian<br>Elmore Viljoen | Minette Bezuidenhout | Elru Brits<br>Leam Paulsen<br>Derick Blignaut | Zian Jansen<br>Mikayla Booyens<br>Franco Liebenberg<br>Mika Adams | Alex Wieczorkiewics<br>Carlize de Bruto<br>Anthony Herbst<br>Kaley Knoetze<br>Cara Meiring | Karla Fouché |
| **28 Apr** | **29 Apr** | **30 Apr** | **1 Mei** | **2 Mei** | **3 Mei** | **4 Mei** |
| Jakes Meyer | | Frederik Stander | Shaundee Bates<br>Melanri Hammond<br>Jacolene J v Vuren<br>Ellie v Niekerk | Clayton Schreuder<br>Connor Jacobs | Rhynardt Blignaut | Mila Maré<br>Liané Boshoff<br>Dalton Britz<br>Barend Pieterse<br>Vidél Sanderson<br>Reuben Petzer |

# Netbal Gert Sibande Proewe


Ons is vreeslik trots op die volgende o/13-dogters wat deurgedring het na die finale rondte van die Mpumalanga-spanne se proewe.

**o/13**
Izanie Ferguson
Mienke Visser
Kaylie Serfontein
Nicole Potgieter
Lianke Luwes
Gabby Japhta














# Bergfiets

Baie geluk aan die volgende leerders wat deelgeneem het aan die tweede XCO-wedren te Klipspringer in Nelspruit op Saterdag, 12 April 2025! Ons is baie trots op die leerders, klink of dit 'n goeie geleentheid en 'n uitdagende wedren was! Baie sterkte met die res van die seisoen.




**<u>NIPPER BOYS (0/7 - 0/10)</u>**
Erik du Plessis - 8ste
Jan-Roux Jansen van Vuuren - 12de
Xander Vermaak - 26ste

**<u>SPROG BOYS (0/11 - 0/12)</u>**
Mattias Viljoen - 19de





# Super 12 Rugby & Netbal

Ons is baie trots op elke dogter met julle deursettingsvermoë. Julle het karakter gewys en gewys dat julle nie skrik nie. Dankie aan elke ouer wat kom ondersteun het, ons waardeer dit baie. Die uitslae is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Netbal o/12A | - | 6de |
| Netbal o/11A | - | 7de |
| Netbal o/13A | - | 9de |
| Netbal o/10A | - | 11de |
| | | |
| Rugby o/9 | - | 11de |
| Rugby o/10 | - | 12de |
| Rugby o/11 | - | 8ste |
| 1ste Span | - | 6de |

## Netballiga

Sterkte aan ons o/10 tot o/13 A- en B-spanne wat Dinsdag, 22 April 2025, teen LS JJ van der Merwe tuis speel. Ons nooi alle ouers om ons spanne te kom ondersteun. Opening is 14:00 en die eerste rondte begin 14:15.

## Skaak

Die eerste vriendskaplike Skaaktoernooi het Woensdag, 16 April 2025 by Laerskool Secunda plaasgevind. Dertien van Goedehoop se skaakspelers het aan hierdie toernooi deelgeneem in die o/9-, o/11- en o/13-ouderdomsgroepe. Volgende Woensdag, 23 April 2025 vind die volgende vriendskaplike toernooi plaas. So maak Goedehopers verseker die regte skuif!

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**